

1 Junie

Hebreërs 12:12

God het nie gebreklike kinders nie

Kan die Volmaakte gebreklike kinders hê? Gestremd, nie omdat Christus nie volkome red nie; ook nie omdat die Heilige Gees halwe werk gedoen het met die wedergeboorte nie, maar mense is gestremd weens ons eie optredes.

Blind - omdat ons nie God en sy genade raaksien nie;

Doof - omdat ons nie God se stem hoor nie;

Stom - omdat ons nie hoor of met God praat nie;

Doofstom - omdat ons nóg Gods Woord hoor of daaroor praat nie;

Kreupel - omdat ons niks vir God wil of kan doen nie.

Kinders van God, ja, want God het ons deur sy Gees ter wille van Jesus uit ons sondedood opgewek. Ons kan nie die heiligmaking van ons lewens van ons verlossing losmaak nie; dan maak ons skeiding tussen Jesus en die Heilige Gees. Gestremdheid is 'n oorblyfsel van ons ou sondige mensheid.

God skenk ons nie die volmaakte verlossingswerk van Jesus ter wille van 'n selfsugtige ontvlugting van die hel nie, maar sodat ons nou reeds diensbaar sal wees ter verheerliking van God. Met ons hele hart, hele siel al ons kragte en hele verstand moet ons God immers liefhê.

Hebreërs sê duidelik dat sonder 'n heilige lewe niemand God sal sien nie. God het nie gebreklike kinders nie, net kinders wat sien en hoor en praat en werk en dien... volgens sy wil!

Sing: Psalm 18:13

Ds. P.K. Lourens (Bloemfontein-Oos)